# MUSEUMVERSAMELINGS

(J.O.P.)

**('n Verdere aflewering in die reeks vroeë-oggendradiopraatjies deur Hannes Oberholzer, wat gedurende 1974 uitgesaai is.)**

DIE basis van enige museum is sy permanente versamelings. Dit is die hooftaak van 'n museum om voorwerpe te versamel wat tot die vakgebiede behoort van die enkele of verskillende dissiplines wat daarin hanteer word.

Dit is vandag slegs in enkele van die kleiner museums waar die besoeker die hele versameling van die museum kan besigtig. In die groter museums word slegs 'n klein persentasie voorwerpe uitgestal. Hierdie uitgestalde voorwerpe is gewoonlik die mooiste, beste, mees sonderlinge of tematies mees verteenwoordigende, terwyl die res van die versameling netjies en veilig opgeberg word as studieversameling. Die publiek is dikwels onbewus van die bestaan van hierdie studieversamelings omdat hulle nie weet of besef dat enige Museum wat sy naam werd is, ook 'n navorsingsentrum is nie. Dit is veral in die natuurwetenskappe waar studieversamelings uit duisende, of selfs miljoene voorwerpe kan bestaan, terwyl slegs 'n handjievol eksemplare uitgestal word vir besigtiging deur besoekers. Voorwerpe wat in die studieversameling opgeberg en nie op uitstalling is nie, is hoegenaamd nie verlore soos soms beweer word nie. Navorsers van heinde en verre, plaaslik en uit die buiteland, besoek museums gereeld om voorwerpe in die studieversamelings, sowel as uitstallings, te bestudeer en te beskryf. Geen museum het ook die ruimte om al sy versamelings uit te stal nie en dit sal ook geen doel dien om soiets te doen nie. 'n Honderd klipwerktuie verteenwoordigend van verskillende kulture en tydperke, keurig uitgestal met voldoende inligting daarby, het immers baie meer trefkrag en is van veel groter opvoedkundige waarde as wanneer die duisende der duisende voorbeelde daarvan wat vir navorsingsdoeleindes in stoorkamers opgeberg vir die doel van uitstallings uitgepak sou word. 'n Honderd jaar of wat gelede het museums wel al hul materiaal op hierdie wyse uitgestal maar daardie dae is vir goed verby. Die groot studieversamelings stel die museum ook in staat om uitstallings af te wissel en tydelike uitstallings met sodanige materiaal aan te bied.

Om al hierdie redes is dit dus te verstane dat 'n museum slegs by wyse van die hoogste uitsondering 'n skenking van een of meer voorwerpe sal aanvaar indien dit as voorwaarde gestel word dat dit altyd en permanent uitgestal moet word.

Die belangrikste punt om te onthou is egter dat voorwerpe wat in 'n museum se versamelings opgeneem is, of dit nou dadelik uitgestal of eers in die studieversamelings opgeneem word, veilig is en bewaar word vir die nageslag, want bewaring is naas versameling een van die belangrikste funksies van 'n museum.



*Knaagdierstudievelle wat deel uitmaak van die groot versamelings van die afdeling soogdierkunde van 'n natuurhistoriese museum word netjies in laaie opgeberg. Hierdie navorsingsmateriaal word nie ten toon gestel nie*

# BRULPADDA

(J.O.P.)



DIE reuse brulpadda (*Pyxicephalus adspersus*) is die grootste padda in Suid-Afrika en kom wydversrpeid voor vanaf die oostelike Kaap Provinsie, noordwaarts tot in die Soedan. In teenstelling met ander paddas is die mannetjies groter as die wyfies en dit neem ongeveer 28 jaar voordat 'n mannetjie sy maksimale grootte van sowat 200 mm en massa van anderhalf kilogram bereik.

Hierdie paddas is geslagryp wanneer hulle ongeveer 90 mm lank is. Met die eerste lentereëns kom hulle saam in vlakwaterpoele om te broei. Elke wyfie lê 3 000 tot 4 000 eiers en metamorfose duur ongeveer 18 dae waarna die jong paddas die water verlaat. In hierdie stadium is hulle baie vraatsugtig en kannibalisme kom algemeen voor.

Die reusebrulpadda is sterk gebou met twee beenagtige "tande" aan die onderkaak. Dit is natuurlik nie werklike tande nie maar slegs uitgroeisels van die kaak. Die bokant van die liggaam is olyf-groen met verskeie oorlangse velvoue. 'n Ander kenmerk is ook die graafagtige uitsteeksels aan die voet waarmee hierdie paddas hulself in die grond ingrawe.

Die reusebrulpadda is allesvretend en letterlik alles wat hy kan baasraak vanaf knaagdiere en reptiele tot ander paddas, insekte en slakke word opgevreet. 'n Geval is bekend waar een so 'n padda sestien pasuitgebroeide rinkals-kleintjies die een na die ander opgevreet het. By konfrontasie is hierdie paddas baie aggressief en kan venynig byt.

Verskeie inboorlingvolke onder wie die Boesmans beskou die reusebrulpadda as 'n gesogte lekkerny.

# 'n Ystertydperkterrein in die Botaniesetuin

(J.O.P.)

*'n AANTAL halftoegegroeide kliphope langs een van die wandelpaadjies in die Vrystaatse Botaniese Tuin net buite Bloemfontein, het nog altyd die aandag van besoekers getrek en 'n populêre opvatting daaromtrent was dat dit "Boesmangrafte" is. Op versoek van die Kurator, mnr. Peter Chaplin, het die afdeling Argeologie onlangs 'n opgrawing op die terrein gedoen om vas te stel presies wat oorspronklik daar aan die gang was. Tydens die opgrawing was dit gou reeds duidelik dat dit 'n tipiese woonterrein is wat uit die Ystertydperk van die Suid-Afrikaanse voorgeskiedenis dateer en ooreenstem met klipkrale en hutte wat verspreid oor die Vrystaat voorkom. 'n Duidelike hutvloer is blootgelê en ook maalklippe en heelwat potskerwe is gevind.*

*Dit is bekend dat die Ystertydperk in die O.V.S. gestrek het vanaf ongeveer die 15de eeu tot aan die einde van die 19de eeu. Presies waar die terrein in hierdie tydperk inpas is nie heeltemal duidelik nie. Te oordeel aan die feit dat die vondste naby aan die grondoppervlakte gevind is, is die woonterrein waarskynlik nie veel ouer as 100 tot 150 jaar nie.*

*Om sekere afleidings soos potgrootte en potvorm te kan maak, is probeer om van die potte weer op te bou uit die skerwe wat gevind is. Van die eindresultate daarvan word hierby afgebeeld.*




(J.O.P.)